KOM NEEM DEEL: WINTERHOOP 2015

Ons wil graag jou skole / kerke / organisasies reeds vroegtydig uitdaag om betrokke te raak by die jaarlikse Winterhoopveldtog wat vanaf **1 tot 20 Junie 2015** plaasvind.

'n Bietjie agtergrond

Winterhoop is 15-jaar gelede begin en betrek die publiek by 'n spontane insameling van kos, winterklere en komberse om gedurende die snerpende koue aan die nood van armes te voorsien. 'n Groot aantal welsynsorganisasies, onder meer PEN (PTA), MES (JHB, Kaapstad, PE, Kemptonpark), Isinkwa Setheku (KwaZulu-Natal) en Torings van Hoop (Bloemfontein), neem landswyd deel aan die projek.

Hoe werk Winterhoop?

'n Nasionale veldtog word elke jaar van stapel gestuur waar die publiek uitgenooi word om 'n verskil in dié se lewe te maak wat dit nie self kan bekostig nie. Vir die volgende Winterhoopprojek, word die betrokke skole aangemoedig om nie-bederfbare kos, komberse, goeie kwaliteit truie en serpe in te samel by die skool / kerk / organisasie. Die skool / kerk / organisasie kan ook Winterhoop kentekens ("badge") vir R10 verkoop wat self deur die projek aan die skool / kerk / organisasie voorsien word. R5 van elke kenteken wat verkoop word, sal aan die skool / kerk / organisasie se hulpfonds geskenk word. Die ander R5 sal vir Winterhoop gebruik word wat aan die einde van die projek weer aan die verskillende hooforganisasies uitgedeel word.

Die Afrikaanse koerante Beeld, Tygerburger, Die Burger Oos en Volksblad, asook die radiostasie RSG, verbind hulself aan die projek en verskaf daagliks inligting rondom Winterhoop. Ontbytsake op KYKNET en ander kleiner plaaslike koerante en televisieprogramme soos Dagbreek sal ook genader word om die mediablootstelling te verbreed.

Hoe trek die skool / kerk / organisasie voordeel uit die veldtog?

- R5 van elke kenteken(badge) wat verkoop word kan aan die skool / kerk / organisasie se fonds geskenk word wat gebruik word om behoeftige kinders in die skool / kerk / organisasie te help.
- Die skool / kerk / organisasie ontvang die geleentheid om mediablootstelling te ontvang asook ander skole uit te daag om 'n verskil te maak. Vertel ons gerus van die skool / kerk / organisasie se bestaande liefdadigheidsprojekte en hoe dit reeds hoop skep in minderbevoorregte gemeenskappe.
- Van die goedere wat ingesamel word, kan ook voorsien word aan die kinders in die skool / kerk / organisasie wat minderbevoorreg is. Dus kan die skool / kerk / organisasie byvoorbeeld besluit om net 'n betrokke kleur serp of skool / kerk / organisasie trui in te samel en dan van die serpe of truie uit te deel aan die kinders wat dit nodig het.

Hoe neem ons skool / kerk / organisasie deel?

Dit is maklik en pret! Moedig die jongklomp aan om serpe, truie, blikkieskos en komberse in te samel of om 'n donasie van R10 te bring. Vir elke R10 ontvang die leerder dan 'n Winterhoop kenteken. Die skool / kerk / organisasie betaal dan die R5 per kenteken oor aan Winterhoop en R5 word by skool / kerk / organisasie se hulpfonds aangewend. **MES** kan geskakel word om die donasie op te tel en/of aan die skool / kerk / organisasie die hoeveelheid kentekens te voorsien as donasies wat ontvang is.

Ons sal baie dankbaar wees as die skool / kerk / organisasie bereid is om 'n paar plakkate op te sit om die projek te bemark asook dit in die omsendbrief sal aankondig. Die skool / kerk / organisasie is ook baie welkom om een van die organisasies uit te nooi om vinnig die projek tydens saalopening te kom bekendstel.

Moet die skool / kerk / organisasie dus 'n splinternuwe winterprojek van stapel stuur?

Beslis nie. Indien jou skool / kerk / organisasie 'n bestaande winterprojek het, is dit glad nie nodig om 'n nuwe een te begin nie. Ons wil die skool / kerk / organisasie egter uitnooi om dit onder die Winterhoop-vaandel aan te bied, sodat ons ook die skool / kerk / organisasie se storie van hoop met die media kan deel. Ons sal ook graag meer van die skool / kerk / organisasie se aktiwiteit tydens die winterhooptyd op ons facebook blad en webwerf wil vertel. Skakel gerus vir **Torings van Hoop** by **051 430 4274,** of stuur 'n e-pos aan **info@towersofhope.org** indien jy meer inligting wil bekom oor die projek. **Ons sal dit waardeer as die skool / kerk / organisasie ons voor 29 Mei 2015 kan laat weet, indien hulle sou belangstel om betrokke te raak sodat ons die nodige reëlings kan tref.**

Winterhoopgroete.

De la Harpe le Roux
Torings van Hoop